Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-10-21

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN OKTOBER 2021

NASIONALE STEMDAG – MNR GERICKE

Op Maandag, 1 November 2021 is dit die amptelike stemdag. President Ramaphosa het dit verklaar as 'n vakansiedag om elkeen die geleentheid te gun om sy merkie te maak.

Onthou om u kruisie te gaan trek op die baie belangrike dag!

NB! Stem reg!!

NASKOOL – ME MCKENZIE

Neem asb. kennis dat die naskoolsentrum gesluit sal wees op Maandag, 1 November 2021 vir die Nasionale Stemdag.

TOETSROOSTER – MNR DENNER

DATUM	VAK	GR
Dinsdag, 9 November	Kuns en Kultuur	4 - 7
Maandag, 15 November	SW (Geografie)	4 - 7
Dinsdag, 16 November	Afrikaans	4 - 7
Woensdag, 17 November	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 18 November	Tegnologie	7
Vrydag, 19 November	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 - 6 7
Maandag, 22 November	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Dinsdag, 23 November	Engels	4 - 7

Woensdag,24 November	NW en Teg NW	4 - 6 7
Donderdag, 25 November	EBW	7

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir Oktober 2021.
Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande vir u gerief.

Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@lselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	**1 440**	**12 Maande**	**17 280**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	**1 440 (2 880)**	**12 Maande**	**17 280**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	**577 (3 457)**	**12 Maande**	**6 924**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se skoolgelde is reeds betaalbaar.				
4	**Naskoolgeld per kind**	**1 000**	**11 Maande**	**11 000**
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				

5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Oktober se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

ATLETIEK BYEENKOMSTE - ME NOVELLI

Byeenkomste

Woensdag, 27 Oktober	vs. Selection park	(weg)
Dinsdag, 2 November	vs. Dalview Laerskool	(weg)

Atlete wat gaan deelneem sal 'n brief ontvang. Daar sal ongelukkig geen toeskouers binne die skoolterrein toegelaat word nie.

Daar sal busvervoer vir atlete wees. Atlete neem in atletiekdrag deel, of Vrydagdrag. Sorg asb. dat u kind al die oefeninge bywoon in die middae.

RUGBY TOERNOOI O/8 EN O/9

Die onder 8 en 9 seuns is reeds besig om voor te berei vir die toernooi.

Datums
0/8 :
Dinsdag, 2 November
Maandag, 8 November

0/9 :
Woensdag, 3 November
Woensdag, 10 November

Die toernooi word op ons skool se velde gespeel. Meer gedetailleerde skrywes sal aan die leerders wat deelneem gegee word.

SKAAK – ME Z BADENHORST

Volgende week is ons laaste week vir skaak oefening(26 tot 28 Oktober). Baie dankie vir elke leerder wat getrou bywoon. Maak seker jy oefen en speel verder die vakansie, ons sien julle volgende jaar weer!

JUKSKEI – ME ELMIEN VAN STADEN

:

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat hul provinsiale kleure verwerf het:

- Dunay de Bruyn
- Carla Aldum
- Leila-Mari Roos
- Zoë du Preez
- Dané van der Westhuizen
- Juandre Bouwer
- Jean-Luc Lange
- Etienne van der Westhuizen
- Franco van der Merwe
- Janco van Schoor

Dis 'n besonderse prestasie ons is trots op julle Elsies.

REDENAARS - MEE MITTON/SERFONTEIN

Indien u kind aan Redenaars kompetisies deelgeneem het (bv. Radikaal, Gauteng Interskole, Op die af ens.) moet die sertifikate voor Vrydag, 15 Oktober 2021 ingehandig word, sodat die

punte bygereken kan word vir die prysuitdeling. Afrikaans Redenaars moet ingehandig word by Me Serfontein en Engels by Me Mitton.

ATKV Redenaarstemas vir 2022 – Afrikaans Huistaal

Gr 1 - 3

- Ore
- Groei
- Storie

Gr 4 en 5

- Boeke
- Patrone
- Groen

Gr 6 en 7

- Humor
- Digitaal
- Applous

SLUITKASTE - MNR SERFONTEIN

Ontruiming van die jaar se sluitkaste moet teen 25 November afgehandel wees. Ouers/kinders wat belangstel om 'n sluitkas te huur vir 2022 kan reeds gelde by Me Fourie (finansies kantoor) inbetaal.

Kostes
R 300 groot sluitkas
R 200 Klein sluitkas

Daar is net 'n beperkte hoeveelheid sluitkaste beskikbaar. Sodra gelde betaal is, word 'n sluitkas aan die leerling geallokeer.

COLOURFESTIVAL – ME LOURENS

Na 'n lang droogte is dit weer bietjie tyd vir "feesvier". Hoe dan nou anders as met 'n reënboog van kleure.....?

Ons het Vrydag, 12 November ons "colourfestival met 'n twist" om af te sluit voor die toetsreeks begin.

Kostes: R60 per leerling
Sluit in: Gewone drag en 5 pakkies poeier

"Twist"
Elke leerling kan vir ons 'n spesifieke land of kultuurgroep kom voorstel met sy kleredrag asook die spesifieke land/kultuur groep se kos inpak vir pouse. Pryse kan gewen word!!!!

GHOLFDAG – MNR PRETORIUS/ME LOURENS

Datum: ***Maandag, 30 November 2021***
Waar: ***State Mines***

Kostes:

- ***'n Vierbal (R1 600)***
- ***'n Gaatjie borg (R500)***

Skakel asb. Me Lourens/Mnr Pretorius op (011) 893-2024 indien u 'n vierbal wil koop of 'n gaatjie en prys borg.

Ons het u hulp nodig om die dag 'n groot sukses te maak. Ondersteun asb. Laerskool Elspark deur deel te neem aan die dag.

KOEKVERKOPING – ME LOURENS

Ons Gr 1, 2 en LSEN klasse se koekverkoping vind plaas op Woensdag, 3 November 2021.

Dis die laaste koekverkoping vir die jaar. Onthou asb. julle geldjies en ondersteun die leerlinge.

OPVOEDING - ME GROBLER

Deur Melodie Veldhuizen

Goeie maniere getuig van 'n liefdevolle en bedagsame persoonlikheid, en van respek en omgee vir ander. Goedgemanierde kinders kry gereeld positiewe terugvoer van volwassenes, en ander kinders wil graag met hulle speel.

Wie is verantwoordelik?

Volgens **dr. Ancois Opper, opvoedkundige sielkundige,** begin die leer van goeie maniere tuis. "As ouers beleefd teenoor hul kinders is, hulle met respek behandel en goeie maniere teenoor hulle openbaar, sal die kinders waarskynlik net so teenoor ander optree. Die goue reël is altyd – doen aan ander soos wat jy wil hê hulle aan jou moet doen."

o

Wat is die basiese sleutels?

- Asseblief, dankie, hallo en totsiens is die eerste ***hoflikheidswoorde*** wat jou kinders leer, selfs nog voordat hulle kan praat.
- ***Tafelmaniere:*** 'n Mens moet sit terwyl jy eet en drink en jy speel nie met kos of gooi dit op die vloer nie. Leer hulle om eetgerei reg te hanteer, om met 'n toe mond te kou en nie met 'n mond vol kos te praat nie. Hulle moet leer om te vra as hulle iets aan tafel nie kan bykom nie, en om nie met hul elmboë op die tafel leun nie of met eetgerei beduie nie. As hulle die tafel wil verlaat voordat almal klaar geëet het, moet hulle mooi vra om verskoon te word.
- ***Geduld:*** Leer hulle om te wag tot ander mense klaar gepraat het voordat hulle iets sê of vra. Laat die maatjie eers klaar speel met 'n spesifieke speelding voordat hulle daarmee mag speel. Leer hulle om hul beurt af te wag wanneer iets uitgedeel word. En om mooi te vra om verby te kom as iemand in hul pad staan.
- *Leer hulle **respek** vir ander se privaatheid, besittings, liggaam en hart.*
- ***Mededeelsaamheid:*** Leer jou kinders om eetgoed met ander wat nie het nie, te deel. En om maatjies met hul speelgoed te laat speel.
- ***Hulpvaardigheid:*** Leer hulle om mense te help wat sukkel en om te help opruim as hulle klaar gespeel of geëet het.
- Leer hulle ook om 'n hand voor hulle mond te hou as hul gaap, nies of hoes; om nie in hul neus te krap, vir ander mense tong uit te steek, of te vloek nie.

Só doen jy dit

- ***Konsekwentheid.*** Verwag goeie maniere ten alle tye, op enige plek en in alle situasies.
- ***Positiewe terugvoer.*** Prys hulle. Indien jy móét teregwys, doen dit, indien moontlik, onmiddellik en in privaatheid. Verduidelik op 'n mooi manier wat hulle verkeerd gedoen het en watter gedrag meer aanvaarbaar is.
- ***Geduld.*** Met tyd, deursettingsvermoë en herhaling sal hulle uiteindelik spontaan gepaste maniere openbaar.
- ***Gebruik storieboeke,*** soos LAPA-uitgewers se *Goeie Maniere* -reeks: *Die vriendelike ballerina, Cowboys kan ook jammer sê, Seerowers sê altyd asseblief* en *Prinsesse hou van deel.* **(Outeur: Timothy Knapman).**

DISSIPLINE - MNR MULLER

Respek sluit respek teenoor jouself in asook respek teenoor ander mense. Respek teenoor jouself beteken dat jy sal weet dat jy as mens uniek en spesiaal is, en dat jy as gevolg hiervan mooi na jouself omsien in terme van byvoorbeeld:

- hoe jy lyk en jouself versorg
- hoe en met watter gesindheid jy jou werk doen
- hoe jy omsien en aan jou tyd beplan
- hoe jy hedendaagse tegnologie gebruik en toepas
- en ook hoe jy teenoor ander mense optree.

Respek teenoor ander mense sluit in vriende, mede-leerders, ouers, ouer mense en selfs vreemdelinge met wie jy in aanraking kom. Respek beteken dat jy sal besef dat elke ander persoon uniek en spesiaal, op hulle eie manier is.

Die eenvoudigste, maar uiters belangrike definisie van wat respek behels, is om ander mense te behandel soos wat jyself deur ander behandel wil word. By Laerskool Elspark beskou ons dit as die GOUE REËL.

Die GOUE REËL is universeel en strek oor alle grense van geloof, kultuur en sosiale strukture. Ons glo, en wil dit by die leerders tuisbring, dat dit die wêreld 'n beter, lekkerder en mooier plek vir almal sal maak.

DANKBAARHEID

- Dankie aan al ons ouers en leerlinge wat ons skool so goedhartig ondersteun en ons naam hoog hou. Ons waardeer u!!
- Dankie aan ons Almagtige God vir die voorspoed wat ons skool beleef in dié moeilike tyd.

Psalm 46:11

Bedaar en erken dat Ek God is.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za